

Vrydag 20 Mei

Skrifgedeelte: Jona 1:1-5; Handeling 27:18-26; HK Sondag 12, Antwoord 32

Fokusgedeelte: Handeling 27:24

Die Christen as priester: wees 'n seën vir ander

Soos Christus as Priester sy kerk geseën het en nog seën (Luk. 24:50, 51), so moet die Christene as priesters ook so lewe dat ons vir ons medemens 'n seën sal wees – al word hierdie roeping van die Christen as priester nie in die Kategismus genoem nie.

Die vraag is: Hoe kan ons vir ander mense 'n seën wees? Die antwoord is maklik: Deur nougeset aan God gehoorsaam te wees en te sorg dat ons verhouding met Hom reg is. Ons sien dit baie duidelik op 'n negatiewe wyse by Jona (1) en op 'n positiewe wyse by Paulus (Hand. 27). Die Here het aan Jona 'n opdrag gegee om na Nineve te gaan en teen hulle sondes te gaan preek. Om selfsugtige redes wou hy egter nie en is ongehoorsaam aan God. Daarom het hy op 'n skip geklim wat na Tarsis sou vaar om sy godgegewe opdrag te probeer ontduik.

Die gevolg? Die Here het 'n storm oor die see laat opkom om Jona vir sy ongehoorsaamheid te straf. Hoewel die Here die storm gestuur het om Jona te straf, is dit egter nie net Jona se lewe wat deur die storm bedreig is nie, maar die lewe van almal wat op die skip was. Jona het dit ook geweet, want hy het aan die bemanning gesê: *“Ek weet dit is oor my dat hierdie groot storm rondom julle woed”* (1:12). Jona is aan God ongehoorsaam en onmiddellik het hy 'n vloek vir almal saam met hom geword. Sy optrede was dus uiters onpriesterlik: gevlug met vloek en nie met seën nie.

Daarteenoor was Paulus ook in 'n verskriklike storm op see toe hy as gevangene saam met baie ander passasiers, hoofsaaklik heidene, na Rome op reis was (Hand. 27:13-38). Dit moes 'n geweldige storm gewees het, want in 'n poging om te oorleef het hulle die vraag van die skip en die skeepstoerusting oorboord gegooi. Uiteindelik het hulle almal aanvaar dat hulle daar gaan sterwe (vs 18-20). Dan verskyn daar egter 'n engel van die Here aan Paulus en sê aan hom: *“Moenie bang wees nie, Paulus ... Ter wille van jou spaar God in sy goedheid die lewe van almal wat hier saam met jou op die skip is”* (27:24). Omdat Paulus aan God gehoorsaam was en sy verhouding tot God deur Christus reg was, het die Here ter wille van hom 275 ander mense se lewens gespaar en hulle van die dood gered (vs 37). So was Paulus vir hulle 'n geweldige seën.

Waar Jona deur sy ongehoorsaamheid aan God vir sy reisgenote 'n vloek was, daar was Paulus deur sy gehoorsaamheid aan God 'n seën vir sy medereisigers (vgl. Sag. 8:13). Hierin was Paulus waarlik 'n priester gewees.

So moet ons ook vir dié wat saam met ons lewe priesterlik tot 'n seën wees deur aan God gehoorsaam te wees. Dan vertoon ons ook die beeld van Christus as die ware Priester soos dit in Romeine 5:19 aangedui word (vgl. ook Matt. 5:13).